Mei - Junie 2026

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 26, No. 3 Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2025 *Tomorrow's World*-tydskrifte



’n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Die pad na hoofstroom

Jesus Christus het vir Sy dissipels gesê dat Hy Sy Kerk sou bou en dat die poorte van die dood dit nie sou oorweldig nie. Indien ons Hom glo en óns by *Die Wêreld van Môre* glo dit, moet daardie Kerk vandag tog êrens op aarde bestaan, maar wáár? Ons kan simpatie hê met mense wat net moed opgee wanneer in ag geneem word dat daar 'n menigte denominasies met teenstrydige leerstellings en praktyke bestaan. Hoe kan almal van dieselfde bron af kom?

Hierdie uitgawe van *Die Wêreld van Môre* werp lig op twee verskillende rigtings wat die Christendom in die vroeë eeue ná Jesus Christus se opstanding geneem het. Sewentienhonderd jaar gelede het die Raad van Nicea vergader om sekere leerstellings te standaardiseer en uiteindelik die pad gedefinieer wat as *hoofstroom* beskou is, hoewel aanhangers op daardie pad vandag nouliks dieselfde mening huldig. Diegene wat 'n ander rigting inslaan, verskil ook in hulle oortuigings en praktyke, maar enigeen wat nie ooreenstem met die *hoofstroom* is nie, is as ketters beskou en het dikwels groot vervolging verduur.

Die Raad van Nicea, soos dit verduidelik word in Wallace Smith se artikel elders in hierdie uitgawe was 'n waterskeidingsgebeurtenis wat plaasgevind het in die stad Nicaea in noordwes Klein-Asië (hedendaagse Turkye). Ses ander belangrike “ekumeniese rade” het oor die eeue gevolg om eweneens te identifiseer watter leerstellings die *hoofstroom* sou definieer. My artikel elders in hierdie uitgawe, “Die Kerk agter die *Wêreld van Môre*” beskryf een van die klein, vervolgde groepies gelowiges wat die minder gewilde rigting ingeslaan het – maar enige Bybelstudent behoort te weet dat die gewilde pad selde, indien ooit, die een is wat goed eindig (Matthéüs 7:13-14, 21-23).

**Die Rots van verlossing**

Die Kerk wat Jesus gebou het, is nie – soos baie Bybelstudente geleer is om te glo – op die apostel Petrus gebou nie. Dit is in werklikheid op Christus Sélf gegrond. Let op wat Jesus gesê het: “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, [van die Griekse *petros*, 'n stuk rots of 'n klein stukkie rots], en op hierdie rots [van *petra*, 'n massiewe rots, verwysend na Homself] sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Matthéüs 16:18). Jesus het Sy Kerk “op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is” gebou (Efésiërs 2:20). Ja, Jesus – nie Petrus of Paulus nie – is die rots van ons heil (Psalm 95:1). Hy is die steen wat die bouers verwerp het (Matthéüs 21:42). Hy is 'n steen des aanstoots vir die wat nie glo nie (1 Petrus 2:7).

Die Raad van Nicea was deur die Romeinse keiser Konstantyn byeengeroep om geskille op te

los wat oor vorige eeue ontstaan het. Die doel daarvan was om Christelike praktyke te standaardiseer, maar dié doel om praktyke en leerstellings in ooreenstemming met mekaar te bring, het jammerlik misluk. *Eenheid* is nouliks 'n term wat 'n mens kan gebruik om die Babelse verwarring te beskryf wat in die belydende Christendom gevind word. Nicea en die daaropvolgende rade het die *hoofstroom* begin definieer, maar wat presies beteken dit? Is dit enigsins die vraag wat ons behoort te vra?

Behoort die *hoofstroom*, sonder inagneming van duidelike Bybelse steun, ons gids te wees? Rooms-Katolieke en Oosters-Ortodokse gelowiges kyk na tradisie, buite-Bybelse geskrifte, heidense filosowe en kerkrade as gidse tot die waarheid, terwyl Protestantse hervormers aanspraak maak op *sola scriptura*. Het daardie betogers egter werklik hulle aansprake nagekom dat *slegs die Bybel alleen* hulle gids sou wees? Die waarheid is dat selfs Protestante voortgegaan het om baie onbybelse tradisionele leerstellings en praktyke na te volg wat as *hoofstroom* oorgelewer was deur biskoppe en pouse wat hulle kwansuis verwerp het.

Familie, vriende, bure, kollegas en kulturele tradisies kan invloed kragtig uitoefen. Meer dikwels as nié, soos dit wel dikwels die geval is, oorweldig hulle mense met sogenaamde feite en waarhede. Dit is opvallend hoe min Christene bereid is om in die voetspore van hulle erkende

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Die pad na hoofstroom**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**1,700 jaar na Nicea** 3
*Die Raad van Nicea het die grondbeginsels gevorm vir die hedendaagse hoofstroom Christendom. Is daardie beginsels egter gebaseer op 'n dwaalbegrip?*

**O Kanada!**

**Die "duiwelskop"-banknote** 8
*Gedurende 1954 het baie Kanadese gedink hulle sien vir satan op hulle geldeenheid. Was dit 'n sameswering of blote toeval?*

**Is Brittanje platsak** 11
*Brittanje is op die rand van 'n ernstige finansiële krisis. Verstaan ons egter werklik die oorsaak en gevolge van daardie krisis?*

**Die Kerk agter die Wêreld van Môre** 14
*Daar is 'n wêreldwye versameling van volgelinge van Jesus Christus, wie toegewy is aan Sy Evangelie, agter hierdie tydskrif en TV-beeldsendings.*

**Die hemele verkondig** 15

**Die gebedskontak** 18
*Wanneer dit reg gedoen word, bring gebed voordele wat alle verstand te bowe gaan.*

**Die wisselvalligheid van hoofstroom Christendom** 20

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# 1,700 jaar na Nicea

## Deur Wallace G. Smith

*U bestaan het 'n baie groter doel as wat u u ooit kon voorstel. Dit word in die bladsye van die Bybel openbaar.*

Herdenkings wat net elke 1,700 jaar gevier word kom nie baie gereeld voor nie. Aan die begin van die laat lente [Noordelike halfrond] en vroeë somer van 2025, het die Christendom so 'n geleentheid gevier, met die fokus op die klein Turkse dorpie Iznik aan die oewer van die meer, wat in antieke tye bekend gestaan het as *Nicea*. Die Raad van Nicea het in Mei tot Julie 325 plaasgevind en word algemeen beskou as die eerste "Christelike" ekumeniese raad wat onder die beskerming van die Romeinse keiser Konstantyn byeengekom het met die doel om geskille oor leerstellings en praktyke op te los.

'n Aantal feestelike geleenthede is beplan. Die kern daarvan is die welbekende stelling, wat 1,700 jaar tevore deur die raad gemaak is, Die *Niceense geloofsbelydenis*, wat as een van die belangrikste leerstellings van die sogenaamde Christendom beskou word. Om die waarheid van die Niceense geloofsbelydenis te ontken, is vir baie mense dieselfde om as valse Christene bestempel te word – gelykstaande aan die ontkenning van Jesus Christus Self.

In die woorde van bemarkingsmateriaal vir 'n viering in Istanbul, word die Niceense geloofsbelydenis "as die algemeen erkende en indrukwekkende uitdrukking van die Christelike geloof, wat die kern van die Evangelie wat deur ons bely word, onderskryf". Jane Williams, die McDonald-professor in Christelike Teologie aan St Mellitus Kollege, teken aan: "Daar is nie baie 1,700 jaar oue dokumente wat elke week hardop voorgelees word en deur miljoene mense regoor die wêreld uit die kop geken word nie. Die Niceense geloofsbelydenis is een daarvan".

Die Niceense geloofsbelydenis en ander besluite wat by die Raad van Nicea geneem is, het 'n kragtige uitwerking gehad op die geloof wat Christus se Naam gedurende die volgende 17 eeue sou dra. Vandag beskou baie mense steeds die gevolgtrekkings van daardie eerste ekumeniese raad as fundamenteel van wat dit beteken om 'n Christen te wees.

In werklikheid toon God se Woord egter dat die Raad van Nicea en die geloofsbelydenis iets heeltemal verskillend is. Dit kan verrykend wees – vir diegene wat op soek is na die Christelikheid wat deur Jesus Christus Self gevestig is – om 'n kort ondersoek van die Raad van Nicea te doen in die lig van die Skrif en geskiedenis.

### Onder toesig van die keiser

Volgens die verhaal wat oor die algemeen vertel word, was die doel van die Raad van Nicea om die geloof te verenig deur met verskillende idees te deel oor die aard van Jesus Christus asook om geskille oor die viering van Paasfees te besleg.

Die raad wat in 325 n.C. byeengeroep was, het nie onder die gesag van 'n godsdienstige leier plaasgevind nie, maar onder die gesag van die Romeinse keiser Konstantyn. Trouens, Konstantyn se invloed kan oral gevind word. Dit was Konstantyn wat die raad aanvanklik bymekaargeroep het – oënskynlik om die verdeelde geloof te herstel en stabiliteit in sy ryk te bewerkstellig. Hy het ook die enorme kostes betaal wat daaraan verbonde was vir die sameroeping van honderde biskoppe en verteenwoordigers van streke so uiteenlopend soos Egipte, Griekeland, Noord-Afrika en Persië.

Die antieke geskiedskrywer Eusebius van Cesaréa wie die Raad van Nicea bygewoon het en 'n groot aanhanger van die keiser was, merk op dat Konstantyn nie bloot 'n passiewe ondersteuner was nie, maar ook 'n ereposisie in die konferensie beklee het en die verrigtinge ingewy het met 'n toespraak wat vrede en eenheid beklemtoon het. Nadat die besluite geneem is, die gevolgtrekkings gevestig en die geloofsbelydenis voltooi is, was dit keiser Konstantyn wat die

resultate afgedwing het. Biskoppe wat nie die Niceense geloofsbelydenis wou bely nie, is verban en uit hulle kerklike posisies verwyder. Die werke van diegene wat nie saamgestem het nie, is verbrand. Dit is nie toevallig dat ikone en ander uitbeeldings van die Raad van Nicea 'n verslane ketter op die grond aan Konstantyn se voete vertoon nie.

Die feit dat die Romeinse keiser soveel invloed oor die godsdiens, wat Jesus se Naam dra, sou hê, behoort ons nie te verbaas nie – selfs vandag word die grootste organisasie ter wêreld wat die vaandel van daardie godsdiens opeis, die "Rooms-Katolieke" kerk genoem.

**Die Niceense geloofsbelydenis**

Twee van die kwessies wat die Raad van Nicea wou aanspreek, was prominent. Die eerste kwessie het betrekking op Jesus Christus se natuur en Sy verhouding tot God die Vader. Daar was baie fyn nuanses van meningsverskille, maar die vernaamste was of Christus 'n geskape wese is, nie ewig saam met die Vader nie óf ten volle Goddelik en ewig, van dieselfde wese as die Vader.

Arius, 'n presbiter van Alexandria was aan die kant van diegene wat geargumenteer het dat "Christus geskape is" en hierdie standpunt word dikwels "Arianisme" genoem. Die besprekings, passies en persoonlikhede wat by hierdie debat betrokke was, voorsien interessante leesstof, maar die belangrikste waarneming vir ons doeleindes is dat die raad tot die gevolgtrekking gekom het dat die Seun van God *nie* geskape is nie – Hy sowel as die Vader is albei ewig en van dieselfde wese.

Hierdie gevolgtrekking is uitgedruk in wat die Niceense geloofsbelydenis genoem is. Alhoewel daar 'n mate van meningsverskil is oor die oorspronklike Niceense geloofsbelydenis soos wat in 325 n.C. ooreengekom is, stem die meeste geleerdes saam dat die volgende 'n akkurate voorstelling is:

> Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde en in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun – onse Here, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria, wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het, wat op die derde dag opgestaan het uit die dode, wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God die Almagtige Vader vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n Heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe. Amen.

Daar kan baie dinge oor hierdie geloofsbelydenis gesê word, maar vir nou behoort ons bloot daarop te let dat dit 'n verwerping is van die ketterse idee dat die Seun van God 'n geskape wese is. Ons behoort ook daarop te let, dat vir diegene wat glo dat die Drieeenheidsleer reeds sedert die begin van die Christendom bestaan, daar in die geloofsbelydenis verbasend mín oor die Heilige Gees gesê word. Dit is egter 'n onderwerp vir 'n volgende keer!

**Pasga versus Paasfees**

Die geloofsbelydenis was nie die enigste resultaat van die raad nie. In die drie eeue sedert Jesus Christus Sy Kerk gestig het, het geskille ontstaan oor belangrike oortuigings en praktyke en in Nicea het hulle probeer om een kwessie van kritieke belang te besleg.

Baie gemeentes in die ooste het voortgegaan om die Pasga op die veertiende dag van Nisan, die eerste maand van die Hebreeuse kalender, te hou. Hulle het deur dit te doen, die voorbeeld gevolg van Jesus Christus, die Twaalf Apostels self en die eerste-eeuse dissipels van die Twaalf Apostels. Die tradisie in Rome was egter anders. Eerder as om 'n herdenking van Christus se kruisiging te onderhou, het Romeinse gemeentes 'n tradisie ontwikkel om Sy opstanding te vier en hulle het dit op 'n vasgestelde dag van die week, Sondag, gedoen – anders

as die veertiende dag van Nisan, wat op verskillende dae van die week kon plaasvind.

Hierdie argument is die *Quartodeciman-kontroversie* genoem – na aanleiding van die Latynse woord *quartodecima* – wat "veertiende" beteken. Daar is ook aangeteken oor hierdie beduidende konflik in die geskiedenis. Alhoewel geleerdes oor die besonderhede debatteer, is die resultaat van die raad se uitspraak duidelik: Nie net sou die Romeinse praktyk om Paasfees op 'n Sondag te hou die reël van geloof dwarsdeur die Ryk word nie, maar die datum daarvan sou bepaal word deur 'n nuwe Romeinse kalenderberekening, wat die Hebreeuse kalender wat voorheen gebruik is, verwerp het.

Volgens die voorheen genoemde Eusebius van Cesaréa, is die laaste oorblyfsels van wat Konstantyn "die verfoeilike Joodse skare" genoem het, uiteindelik deur die biskoppe in Nicea opsygeskuif. Almal wat Christus se voorbeeld van die onderhouding van die Pasga op 14 Nisan wou volg, is tot *banvloek* verklaar, dit wil sê, vervloek en uit die kerk geban.

**Verenig – maar nie Bybels nie**

Die resultaat van Nicea was 'n meer verenigde kerk. 'n Meer ordelike kerk. 'n Meer Roomse kerk, nie 'n meer *Bybelse* kerk nie.

Arius was verseker verkeerd – sy standpunt was onbybelse kettery. Die eenvoudige sin van die meesterlike verklaring in Johannes 1:1 is die ware sin: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Alle dinge het deur Hom ontstaan (vers 3), en Hy het Homself nie gemaak nie!

Daar kan nog meer gesê word, maar wat die belangrikste is, is nie wat Nicea reggekry het nie, maar wat hulle *verkeerd* gedoen het. Baie waarnemers het byvoorbeeld opgemerk dat die Skrif nie die Niceense geloofsbelydenis ondersteun wat te kenne gee dat die Seun op een of ander wyse *ewig* uit die Vader *verwek* is nie en wat ontken dat die Seun God is op dieselfde wyse as wat die Vader is. Die Skrif beskryf Jesus se verwekking as 'n daad wat in 'n oomblik van tyd plaasgevind het (byvoorbeeld Handelinge 13:33) – spesifiek in die skoot van Maria (Matthéüs 1:20).

In Johannes 1, waar Jesus Christus se voor-menslike lewe beskryf word, noem die Bybel Hom nie "die Seun" nie, maar eerder "die Woord" – in Grieks, die *Logos*. Hy was die Goddelike Woordvoerder van die Godheid, wat gedien het as die God van die Ou Testament – die "Rots" wat Israel gevolg het (1 Korinthiërs 10:4). Hy het die Seun *geword* deur Sy verwekking in Maria se skoot, terwyl die ander lid van die Godheid, die Vader geword het. Die Skrif se eenvoud op hierdie punt weerspreek die idees wat aanleiding gegee het tot Nicea, wat in die voorafgaande eeue, korrup geraak het deur heidense filosofieë


# God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

wat probeer het om die eenvoudige waarhede van God se Woord te versoen met die abstrakte idees en konsepte van die Grieke.

**Die praktyk van Christus en die Apostels word as 'n vloek verklaar**

Wat betref die raad se vloek op die praktyk van die onderhouding van die Pasga op die veertiende dag van die Hebreeuse maand Nisan. Dit kom ooreen met die Skrif dat hierdie sogenaamde "vervloekte" praktyk dié van die Twaalf Apostels self was, om nie eens van hulle Verlosser te praat nie. Die Skrif maak dit duidelik dat Jesus Christus en Sy dissipels die Pasga (Lukas 22:11) op 14 Nisan onderhou het – die dag toe Israel ontslae geraak het van alle suurdeeg vir die Dae van Ongesuurde Brode (Levítikus 23:5-6). Dit was "in die nag waarin Hy verraai is" (1 Korinthiërs 11:23), voordat Hy gedurende die dagliggedeelte van die Pasga gesterf het (Jode het dae van sonsondergang tot sonsondergang gereken, nie middernag tot middernag nie).

Jesus Christus *was* ons Pasga, geoffer vir ons (1 Korinthiërs 5:7) en die tydsberekening van gebeure maak die verband duidelik. Jesus en Sy dissipels het die ou Pasga gehou en Jesus het toe nuwe simbole van brood en wyn ingestel as 'n herdenking van Sy kruisiging (1 Korinthiërs 11:23-25). Hieroor is daar geen ruimte vir twyfel nie.

Die geskiedenis teken aan dat getroue dissipels en die Twaalf Apostels probeer het om hierdie praktyk en voorbeeld voort te sit, maar dit het hulle in konflik gebring met korrupte Romeinse invloede. Dink aan Polycarpus van Smirna, 'n dissipel van die apostel Johannes wat, volgens sy student Irenaeus, "altyd die dinge onderrig het wat hy by die apostels geleer het en wat die Kerk oorgelewer het". Deur die Christelike Pasga op 14 Nisan te hou, het daar konflik ontstaan tussen Polycarpus en Anicetus – die biskop van Rome wie later aangewys is as "Pous Anicetus", wat Jesus se gebruike wou vervang met 'n Sondag-Paasfeesviering, soos verkies deur sy Romeinse leraars.

So, teen die einde van die tweede eeu, het Polycrates van Éfese die Romeinse biskop Victor – later "Pous Victor" – gekonfronteer in verband met Rome se afwyking van Christus se leerstellings. Volgens Eusebius het Polycrates geskryf dat "ons die presiese dag nougeset onderhou, sonder om by te voeg of weg te neem", wat in sy woorde beteken "die dag waarop die mense die suurdeeg weggooi" – of die Pasga wat op 14 Nisan gehou word (Levítikus 23:5-6). Nadat hy verskeie van die Twaalf Apostels, sowel as Polycarpus en ander getroue ouderlinge van die vroeë Kerk, se name genoem het, het Polycrates vir Victor gesê: "Hulle het almal die Pasga op die veertiende dag van die maand gehou, in ooreenstemming met die Evangelie, sonder om ooit daarvan af te wyk, maar by die reël van die geloof gehou". Hy het ook vir die Rooms-Katolieke biskop gesê dat "dié wat groter is as ek, gesê het: 'Ons behoort God meer as mense gehoorsaam te wees'".

Soos opgemerk in Polycrates se brief in Alexander Roberts en James Donaldson se klassieke *The Ante-Nicene Fathers* (Vol. VIII): "Dit is sekerlik merkwaardig dat niemand getwyfel het dat dit [die Pasga, versus Paasfees] deur 'n Christelike en Apostoliese verordening onderhou is nie".

Hierdie praktyk, om Christus en die Apostels se voorbeeld te volg, het weggeval ten gunste van die Romeinse gebruik. Na die Raad van Nicea is enigiemand wat probeer het om die Pasga te onderhou soos Christus en Sy eerste volgelinge dit gehou het, as vervloek verklaar en uit die gemeente geban.

Deur hierdie keuse te maak, het die Raad van Nicea die kalender wat God deur Sy uitverkore volk oorgelewer het (Romeine 3:1-2) verwerp ten gunste van 'n heidense Romeinse stelsel wat bedoel was om "tye en wet te verander" (Daniël 7:25).

**Afvalligheid het vroeg in die eerste eeu begin**

Hoe kan dit wees? Die Raad van Nicea het skaars twee eeue na die dood van Johannes, die laaste van die Twaalf Apostels, plaasgevind. Is dit werklik moontlik dat "Christelike" leiers in die Romeinse Ryk reeds so diep in afvalligheid verval het dat die eenvoudige leerstellings van die Bybel so korrup kon wees – dat die praktyke van beide die Verlosser self en Sy vroegste vol-

gelinge so heeltemal opsygesit kon word ten gunste van Griekse filosofie en Romeinse tradisies?

Inderdaad, God se Woord openbaar dat die korrupsie van die Kerk wat deur Jesus Christus gestig is, *byna onmiddellik* begin het, gedurende die lewens van die Twaalf Apostels en die Bybelse skrywers! Ons sien dit in Handelinge 15. Sommige mense het daarop aangedring dat nie-Joodse bekeerlinge Joods moes word voordat hulle werklik Christene kon word. Die Apostels en ouderlinge, met inbegrip van Paulus, het besluit dat so 'n vereiste 'n onredelike en onnodige juk was.

Van die begin af het kettery die Kerk duidelik geteister. God se Woord skets 'n prentjie van die stryd teen valse leerstellings en korrupte begrip. Die apostel Paulus het die Korinthiese broeders gewaarsku dat hulle te veel aanvaarding bied aan mense wat 'n "ander Jesus" verkondig en 'n "ander gees" en 'n "ander evangelie" bring (2 Korinthiërs 11:4). Paulus was ook gekant teen die bring van gnostiese ketterye in die geloof (1 Timótheüs 6:20), tesame met praktyke uit ander filosofieë (Kolossense 2:8), soos onbybelse voedselgebruike en die verbod op die huwelik (1 Timótheüs 4:3). Hy het sulke leerstelling "lering van duiwels" (vers 1) en sulke idees "gebooie en leringe van mense" (Kolossense 2:21-22) genoem. Paulus het gesien dat sommige mense maniere vind om hulle ou heidendom te dien (Galásiërs 4:8-9) onder verskillende name en met 'n nuwe lagie vernis van "Christendom", maar nietemin heidendom.

Selfs Judas, een van Jesus Christus se eie halfbroers, het sy lesers aangespoor om "kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is", aangesien hy gesien het dit word vervang deur 'n valse stelsel van geloof en praktyk wat genade in 'n lisensie verander het om die Wette van God te ignoreer (Judas 3-4).

Christus het Sy Apostels gewaarsku dat valse leraars en valse profete *binne hulle leeftyd* sou voorkom in Sy eie naam (Matthéüs 24:4-5). Volgens die geïnspireerde verslag van God se Woord was die Kerk wat Hy gestig het teen die einde van die lewens van Jesus se eerste volgelinge beleër, afgetakel, geïnfiltreer, toenemend korrup en selfs in opstand teen met die hand uitgesoekte leraars wat die Here Self aangestel en opgelei het.

In die geskrifte van die laaste van die Twaalf Apostels sien ons die stand van sake aan die einde van die eerste eeu. Die bejaarde apostel Johannes het geskryf dat, terwyl 'n laaste antichris nog in die eindtye sou kom, Johannes se eie dag reeds *gevul* was met antichriste (1 Johannes 2:18). Johannes self was vermy deur die valse pastoor Diótrefes, wat ook diegene wat by Johannes aangesluit het, uit die kerk geban het (3 Johannes 9-10). Christus het tog Sy Kerk 'n "klein kuddetjie" genoem (Lukas 12:32) en sy lidmate verseker dat Hy steeds tot aan die einde van die tyd by hulle sou wees (Matthéüs 28:20). Hulle sou deur Hom beskerm word – nie deur die borgskap van die wêreld se grootste heidense ryk nie, aangesien dit bygedra het tot die geloof wat vroeër oorgelewer was.

**'n Afgetakelde fondament**

Die kerk wat in 325 n.C. met keiser Konstantyn in Nicea vergader het, was nie die Kerk wat deur Jesus Christus gestig is nie. Die versameling leiers wat in Nicea vergader het, het nie die klein kuddetjie verteenwoordig aan wie Christus Sy beloftes gegee het nie (Matthéüs 16:18), maar eerder 'n organisasie wat gerugsteun was deur die magtigste heerser in die wêreld, die erfgenaam van Rome self. Die ouderlinge en biskoppe in Nicea het nie 'n komende Koninkryk verteenwoordig wat "nie van hierdie wêreld" was nie (Johannes 18:36), maar eerder 'n organisasie wat deur die Keiser van Rome gelei is in 'n onheilige verbintenis met die magte van hierdie wêreld – 'n verbintenis wat in wêreldse mag sou toeneem soos die eeue verbygegaan het.

Die Raad van Nicea, wat meer as 200 jaar na die lewens van Christus se aanvanklike volgelinge vergader het, was reeds ver gevorder op die pad van afvalligheid en om kompromieë aan te gaan wat in die dae van die Twaalf Apostels begin het. Nie dat hulle nie gewaarsku was nie.

Die vieringe, seremonies

*Vervolg op bladsy 22*

## O Kanada!

# Die "duiwelskop"-banknote

### Deur Gary Molnar

**Yousuf Karsh, 'n Armeens-Kanadees**, was een van die bekendste fotograwe van portrette gedurende die twintigste eeu. In 1951 het hy die geleentheid gehad om die portret van 'n pragtige jong prinses te neem, die erfgenaam van die Britse troon. Die amptelike portret van prinses Elizabeth is geneem, net ses maande voor die dood van haar vader, koning George VI, wat haar toe in die rol van koningin van Engeland en dus ook die koningin van Kanada geplaas het. Karsh het min geweet dat toe hy hierdie eenvoudige maar gesogte taak aangepak het, hy homself in die middel van 'n vlaag van spekulasie en getwis sou bevind.

Nadat Elizabeth II die troon bestyg het, het die Bank van Kanada begin om die land se geld-eenheid op te dateer. 'n Pragtige reeks landskap-fotos van Kanada was gekies vir die agterkant van die nuwe banknote en Karsh se foto is gekies vir die voorkant van die note. Daar was egter 'n probleem – die diamant-tiara was op die koningin se kop. Aangesien Karsh se foto reeds op die Kanadese twee-sent-posseël was, is daar besluit dat die tiara verwyder behoort te word en die beeld omgekeer moes word om die banknote van die seëls te onderskei.

*Bridgen's Limited*, 'n grafiese kunsfirma in Toronto, het die oorspronklike portret se fotografiese negatief gemanipuleer om die kopstuk te verwyder en die koningin se beeld om te draai. Die Bank van Kanada het die *British American Bank Note Company* opdrag gegee om die graveerplaat van die banknote te graveer. Die meestergraveerder George Gundersen, was aangestel om die gewysigde Karsh-foto op kleurstaaldrukplate te reproduseer. Die Bank van Kanada het die finale goedkeuring vir die nuwe banknootreeks gegee en twee maatskappye – die *American Bank Note Company* en die *Canadian Bank Note Company* – het vroeg in 1954 die papiergeld begin produseer. In die herfs van daardie jaar is die nuwe banknote amptelik aan die Kanadese publiek beskikbaar gestel.

**Is die duiwel letterlik in detail?**

Die nuwe note was nie lank in omloop nie voordat iets verwarrend opgemerk is. Tussen die krulle van die koningin se hare, rondom die area naby haar oor, was iets wat sommige mense as die grynsende gesig van 'n demoon gesien het! Hierdie ongelooflike ontdekking was in koerante regoor Kanada en selfs internasionaal geopenbaar.

In die 1950's was die Tweede Wêreldoorlog nog vars in die meeste mense se geheue. Die oorlog het minder as 'n dekade tevore geëindig en dit was 'n tyd van verskriklike wêreldwye onrus en intrige. 'n Groot deel van die wêreld was absoluut ingestel op enigiets wat na politieke bedrog gelyk het. Die media het net soos vandag, na enige storie gegryp wat tot sensasie kon lei. Daar was ook soos deesdae gespekuleer oor sameswerings wat gewoonlik bose motiewe impliseer.

Sameswerингsteorieë kan boeiend wees, aangesien dit 'n poging is om 'n raamwerk te voorsien om sin te maak van dubbelsinnige, verwarrende en emosionele situasies in ons samelewing wat skynbaar normaliteit te bowe gaan. Sulke teorieë probeer verduidelik wat onduidelik lyk deur die "egte" waarheid te openbaar. Die Internet en sosiale media maak dit deesdae maklik om sameswerings te skep en te versprei. Soos die geval van die "duiwelskop"-banknote ons egter herinner, is sameswerings-teorieë nie nuwe verskynsels gekoppel aan ons moderne metodes en tegnieke nie.

Wie sou egter deur sameswerings-teoretici verantwoordelik gehou word vir so 'n gruwelike aanval op die Britse monargie? Sameswerings-teorieë was volop aangaande hierdie saak. Kon dit dalk anti-monargiste,

sataniste of buitelandse indringers wees – of dalk al drie? Het die samesweerders dalk van binne die Kanadese regering, die Bank van Kanada, *Bridgen's Limited* of die *British American Bank Note Company*, gewerk om 'n subtiele – of miskien 'n ópenlike – boodskap te stuur? Was daardie boodskap bedoel vir die Kanadese publiek of die Britse monargie?

'n Vergelyking van Karsh se oorspronklike portret en die Gundersen-gravure toon 'n merkwaardige reproduksie wat getuig van Gundersen se indrukwekkende vaardigheid. Die opknapping van die negatief deur *Bridgen's Limited* het nie uitgebrei na die kontroversiële area van die koningin se hare by haar linkeroor nie. Indien dit wel 'n komplot was – 'n sameswering – sou dit die koningin self moes betrek of ten minste die persoon deur wie haar hare gestileer is op die dag wat die foto geneem is.

Was die "duiwelskop"-banknoot dus 'n sameswering? Nee! Die spektakel was alles dwaasheid – 'n oordrewe en irrasionele bloot toevallige reaksie wat in 'n gevaarlike politieke situasie sou kon ontaard. Geen sameswering of skelmstreke nie.

Die bank van Kanada het begin om die gravering te wysig en die sonstrepies in die koningin se hare wat mense aanstoot gegee het, is effens aangepas en donkerder gemaak, wat die probleem opgelos het. Die drukkers het gewysigde kleurplate begin gebruik om meer aanvaarbare banknote te produseer (waarop die jaar 1954 steeds verskyn). Deesdae word ongewysigde 1954-banknote hoog aangeslaan deur versamelaars, met note wat in ongesirkuleerde toestand is – dikwels by verkope of veilings vér bo die nominale waarde gewaardeer.

**Die oplossing vir die duiwel se misleidings**

Wat kan ons leer uit die "duiwel se kop" onenigheid? Die belangrikste is dat ons die lens van God se Woord moet gebruik om ons waarneming van alle ander inligting in kennis te stel. Satan en nié God nie, is die outeur van verwarring en hy is 'n meester van wanorde! Waar chaos en gekonkel oorvloedig is, kan ons seker wees dat Satan met sy bedrog teenwoordig sal wees deur verwarring te skep, emosies aan te hits en verdeeldheid te saai. Wanneer ons nie al die feite kry en daardie feite vanuit 'n perspektief van Bybelse waarheid benader nie, kan ons maklik tot die verkeerde gevolgtrekking kom. God het ons deur die profeet Jesaja gewaarsku en hom geïnspireer

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Die wisselvalligheid van hoofstroom Christendom*

**Die Rots van ware Christendom**

Jesus het hierdie situasie verwag toe Hy gesê het: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer nie ... ? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk" (Matthéüs 7:21-23)!

Die Kerk wat Jesus Christus op die Rots gebou het, bestaan vandag nog. Hulle is aktief besig om die Evangelie van die Koninkryk van God te verkondig, 'n kudde van gemeentes regoor die wêreld te voed en die Eségiël 33-waarskuwing van die eindtydse rampe wat nog sal kom, te gee.

Indien u meer oor hierdie Kerk wil weet, lees mnr. Gerald Weston se insiggewende artikel elders in hierdie uitgawe. Indien u selfs nog meer oor ware Christendom wil leer, kan u *Satan se Vervalste Christendom sowel as Hervestig die oorspronklike Christenskap* lees, wat aanlyn beskikbaar is by *wvm.co.za* of u kan u eie gratis gedrukte eksemplare aanvra by die streekkantoor naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Al hierdie literatuur en nog meer is gratis beskikbaar. WvM

om die volgende in die Skrif aan te teken: "Julle mag nie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie, en julle mag nie bevrees wees vir wat hulle vrees, of verskrik wees nie" (Jesaja 8:12).

Satan is baie skerpsinnig en uiters slim. Hy weet hoe om ons aandag af te lei en verwarring te skep. Hy kan ons "duidelik" laat sien wat duidelik nié daar is nie. Dit is nodig dat ons bewus is van Satan se planne om te verhoed dat ons voor sy dwaasheid swig. Daar is egter meer om te doen as om onsself net teen Satan te beskerm. Om ons te help om die waarheid van die leuens te onderskei, is God se boodskap aan Jesaja (en aan ons!) om op Hom te fokus: "Die HERE van die leërskare – Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees" (vers 13)!

Ons moet leer om God te eerbiedig, Hom bo alles te gehoorsaam en te eer. Wanneer ons ons fokus verskuif van die dubbelsinnige, verwarrende en emosioneel "uitlokkende" afleidings van hierdie wêreld na God toe, sal ons beloon word met vrede en sekerheid, soos beskryf in Spreuke 14:26-27: "In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van sodanige sal daar 'n toevlug wees. Die vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk."

Daar is 'n magdom van sameswerings en intriges in hierdie wêreld. Die meeste daarvan is blote skelm streke van die duiwel wat ontwerp is om verwarring te skep en ons fokus weg te lok van waar dit behoort te wees. Wanneer ons op God en Sy Koninkryk fokus (Matthéüs 6:33), sal Sy Woord ons lei om te onderskei tussen waarheid, leuens en dwaling. Satan mislei deesdae die oorgrote meerderheid van mense in ons samelewing.

Indien u meer wil leer met betrekking tot hierdie misleiding, lees ons kragtige Bybelstudiegids: *Satan se Vervalste Christendom.* Satan is inderdaad 'n vervalser, maar hy werk op 'n vlak wat min mense deesdae herken. Lees dit self aanlyn by *wvm.co.za* of skryf aan die streekkantoor naaste aan u (lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) om u gratis gedrukte eksemplaar te ontvang. WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# Is Brittanje platsak

**Deur Scott D. Winnail**

Brittanje is relatief 'n klein eilandnasie maar het nogtans oor die eeue heen geweldige gesag en finansiële mag uitgeoefen. Londen was lank reeds 'n finansiële middelpunt vir die wêreld! Die pond sterling was 'n standaard globale geldeenheid en dit bly een van die sterkste wêreldgeldeenhede. Daarbenewens word die *Financial Times*-aandelebeurs, 'n aandele-indeks van Brittanje se top 100 maatskappye, wêreldwyd gerespekteer. Brittanje se lewenstandaard bly steeds ook onder die hoogste ter wêreld.

Daar is nogtans iets verkeerd met Brittanje se staatskas. Sy skynbare rykdom en finansiële oormag is slegs 'n illusie. Nadat die nuwe Arbeidersregering in Julie 2024 aan bewind gekom het, het *Reuters* 'n artikel gepubliseer met die opskrif: "Britain is 'broke and broken', new government declares" (29 Julie 2024). Die nuwe regering het nogtans doelbewus opruiende taal gebruik om die skuld vir Brittanje se huidige finansiële probleme op hulle voorgangers te plaas, die waarneming was korrek en dit het in werklikheid lig gewerp op 'n probleem wat al dekades lank in die nasie aan die broei was.

**Op die rand van 'n krisis**

'n Kommentaarskrywer van die gerespekteerde *Telegraph* het dit as volg betreur: "Daar is baie rooi ligte wat flikker, maar niemand in Brittanje se beleërde regering wil dit weet nie" (25 Januarie 2025). Die ontnugterende titel van die kommentaar was: "Brittanje is op die rand van 'n volskaalse fiskale krisis". Die skrywer van die *Telegraph* het ook opgemerk dat ander nasies Brittanje sien as "'n kwynende medium-grootte ekonomie aan die rand van Europa wat steeds sukkel om Brexit tot sy ekonomiese voordeel te laat werk". Die kern van die saak is dat Brittanje, 'n nasie met min binnelandse spaargeld is en groot lenings aangaan – dit het toenemend afhanklik geraak van buitelandse geld om kop bo water te hou.

'n Interne blik toon dat agt Britse stads- of dorpsrade (plaaslike regerings) sedert 2020 bankrot gespeel het (*Telegraph*, 27 November 2024) – dikwels as gevolg van slegte beleggings wat raadslede gehoop het hulle finansiële tekorte sou help. Verhoogde behuisingskoste en koste vir versorging van bejaardes wat dikwels deur stadsrade gedra is, maak dit byna onmoontlik om te bestuur. Wat die nasionale regering betref, is uitgawes soos nasionale versekering, openbare sektor pensioene en studieleningskuld besig om die ekonomie te knou. Verskeie universiteite sal na verwagting binne die volgende paar jaar bankrot speel, wat waarskynlik 'n reddingsboei van die regering sal vereis. Die Nasionale Ouditkantoor (NAO) wat verantwoordelik is vir die toesig oor die uitgawes van meer as 10,000 openbare instellings, het 'n "ernstige agterstand" in sy oudits van openbare rekenings gerapporteer. Dit beteken die regering bestee geld sonder duidelike kennis van beskikbare fondse. Een finansiële skrywer het dit so gestel: "Die harde werklikheid is dat die VK die afgelope twintig jaar geleidelik uit geld geraak het. Ons weet nie presies hoe naby ons daaraan is om sonder geld te wees nie. Die NAO-besluit is egter 'n teken dat die einde van die tydperk dalk baie nader is as wat enigiemand nou besef".

Ekonome voorspel dat 'n toename in regerings- en huishoudelike besteding in 2025 sal lei tot 'n verbeterde Britse ekonomie wat stagnerende Europese ekonomieë sal oortref (*Financial Times*, 2 Januarie 2025). Met traende loonverhogings en toenemende werkloosheid sal die lewenstandaard vir die gemiddelde persoon egter steeds afneem. Toenemende skuld sal waarskynlik lei tot 'n behoefte om belasting te verhoog – wat die toestande vir die gemiddelde loontrekker verder sal versleg.

Brittanje is nie die enig-

ste land wat finansiële probleme het nie. Europa as geheel, sukkel finansieel. Duitsland het geen ekonomiese groei in vyf jaar getoon nie en die motorvervaardigingsektor is besonder hard getref (*The Independent*, 17 Februarie 2025). Daarbenewens, volgens 'n voormalige hoof-ekonoom van die Internasionale Monetêre Fonds, is "Frankryk op die rand van 'n ekonomiese krisis" as gevolg van jare se politieke onaktiwiteit (*FirstPost*, 18 Januarie 2025). Die Franse regering het sedert 1974 op bestedingstekorte staatgemaak – dit beteken 50 jaar se oorbesteding sonder voldoende inkomste (*Harvard International Review*, 5 November 2024). Hoe lank kan dit voortduur? Ekonome wonder hoe Europa sal vaar indien Frankryk se ekonomie ineenstort aangesien Frankryk saam met Duitsland, een van die twee hoof ekonomiese dryfvere van die vasteland is.

Die *Telegraph*-skrywer Matthew Lynn het 'n ontnugterende opmerking gemaak oor Brittanje se finansiële toekoms: "'n Ernest Hemingway-karakter is gevra hoe hy bankrot gespeel het. Hy verduidelik: 'Geleidelik. Toe skielik'". Vir die VK "kan die 'geleidelik' nou enige dag na 'skielik' verander" (27 November 2024).

**Oorsake en gevolge**

Baie nasies regoor die wêreld verkeer in ernstige finansiële nood. Waarom sukkel die VK en ander *voorheen groot* nasies wat van Israelitiese afkoms is? Deur profesieë werp die Bybel lig op vandag se situasie. God het beloof om hierdie nasies te seën en te beskerm *solank* as wat hulle op Hom gefokus bly:

> "Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie. En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen" (Deuteronómium 28:12-13).

God begeer dat hierdie nasies voorspoedig sal wees as gevolg van beloftes wat Hy gemaak het om die nageslag van Abraham deur Isak te seën (Génesis 22:15-18). Hy het egter gewaarsku dat, indien die nasies van Israelitiese afkoms Hom verwerp, verskriklike vloeke sou volg – dit sluit ook finansiële ondergang in: "En jy sal 'n voorwerp van verbasing, 'n spreekwoord en 'n spot wees onder al die volke waarheen die HERE jou sal wegvoer ... Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak. Hy sal aan jou leen, maar jy sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees" (Deuteronómium 28:37, 43-44).

Die Verenigde Koninkryk en die ander nasies van Israelitiese afkoms in die Weste het gekies om God te verwerp. Ongelukkig lei dit tot die onttrekking van hulle seëninge. Dit sal ook lei tot toekomstige lyding en vernedering. God is tog genadig en Sy toorn is van korte duur (Psalm 30:6). Hy beplan 'n toekoms en 'n hoop vir die nasies van Israelitiese afkoms soos Brittanje asook vir die hele mensdom (Jeremia 29:11). Hy beplan om hulle terug te verwelkom wanneer hulle hulle in die toekoms werklik tot Hom sal wend: "So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?" (Eségiël 33:11).

Die Bybel is duidelik oor die donker toekoms van Brittanje se goddelose planne – maar hulle finansiële probleme sal nie vir ewig duur nie. God is genadig en liefdevol en Hy sal die Britse volk weer met oorvloed seën wanneer hulle uiteindelik hulle verkeerde weë insien. Indien u belangstel om meer te leer oor die hoop vir die Britte en die nasies van Britse afkoms, lees gerus ons fassinerende boekie Wat lê voor vir Amerika en *Brittanje, asook Suid-Afrika?* by *wvm.co.za* of kontak die streekkantoor naaste aan u (lys op bladsy 2) om u gratis gedrukte eksemplaar te ontvang. WvM

# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

***Vervolg vanaf bladsy 16 – Die hemele verkondig***

Die hemele herinner ons ook aan ons bestemming – en aan ons missie as Christene. Wat sal die beloning wees van diegene wat God getrou dien? Ons lees: "En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos" (Daniël 12:3). Die dag sal aanbreek wanneer Christene, wie uit die dood opgewek is as lede van God se Goddelike Gesin, die heelal sal erf (Romeine 8:32; Hebreërs 2:8) en eerstehands selfs meer – oor die sterre van die uitspansel sal leer as wat selfs die beste mensgemaakte teleskoop kan openbaar. WvM

# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

# Die Kerk agter die Wêreld van Môre

## Deur Gerald G. Weston

***Die Lewende Kerk van God volg die leerstellings van Jesus Christus en verkondig die Evangelie sonder om toegewings te maak***

Baie lesers wonder: Wie sit agter hierdie *Wêreld van Môre*-tydskrif? Wie sit agter die weeklikse episodes van die *Tomorrow's World TV*-programme, asook die gratis studiegidse wat ons aanbied, met inbegrip van ons *Bybelstudiekursus* wat uit 24-lesse bestaan? Wie sit agter die regstreekse *Tomorrow's World* aanbiedings wat vir ons intekenare aangebied word?

Die mees voor die hand liggende antwoord word gevind in dit wat ons aan die einde van elke episode van ons televisie-uitsending sê: Ons word geborg deur die *Lewende Kerk van God*. Dit bring egter 'n ander vraag na vore: *Wie of wat is die Lewende Kerk van God?*

In hierdie artikel sal ons 'n definitiewe antwoord op hierdie vraag gee en verduidelik wie ons is, wat ons doelwit is en wat ons glo.

### Ware Christelikheid en die *Lewende Kerk van God*

Eenvoudig gestel: Ons in die *Lewende Kerk van God* is 'n oorblyfsel van die eerste-eeuse Christelikheid. Wat beteken dit egter? Jesus het nie net gesê dat Hy Sy Kerk sou bou nie, maar ook dat die poorte van die doderyk dit nie sou oorweldig nie (Matthéüs 16:18). Volgens die aantekeninge van u Bybel se Nuwe Testament, asook aantekeninge van die wêreld se geskiedenis, word getoon dat die hoofstroom "Christelike" kerk in 'n radikaal ander rigting beweeg het as die Kerk wat deur Jesus Christus, Sy Apostels en eerste-eeuse gelowiges gestig is.

Jesus het die eindtydse Bybelprofesieë gebruik om ons te waarsku teen valse Christendom. Hy het dit duidelik in die Olyfbergprofesie gestel dat valse Christendom in werklikheid die *eerste teken* is om voor op te let met betrekking tot Sy Wederkoms en die eindtyd van die wêreld. Ons moet hierdie waarskuwing nie ligtelik opneem nie: "En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pasop dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom [beweer dat hulle Hom verteenwoordig] en sê: Ek is [dit is Jesus] die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Matthéüs 24:3-5).

Ja, daar sou baie mense wees wat sou erken dat Jesus die Christus is en Sy gesag vir hulleself opeis maar wie sou dit kon doen om nie net 'n paar mense te verlei nie, maar 'n ménigte mense te mislei. Bevestig die geskiedenis dit? Dit word *beslis bewys*.

Die hoogs-aangeskrewe geskiedskrywer - Jesse Lyman Hurlbut, het in *The Story of the Christian Church* aangetoon hoe dramaties die kerk oor 'n relatief kort tydperk verander het.

> Ons noem die laaste generasie van die eerste eeu, vanaf 68 tot 100 n.C., "Die era van skaduwees", deels omdat die somberheid van vervolging oor die Kerk gehang het, maar verál omdat dit, van alle periodes in die geskiedenis, die één is waarvan ons die minste weet. Ons het nie meer die helder lig van die Boek Handelinge om ons te lei nie en geen skrywer van daardie era het die leemte in die geskiedenis gevul nie ... Vir vyftig jaar na die apostel Paulus se

***Vervolg op bladsy 21***

## Die Werke van Sy Hande

# Die hemele verkondig

Deur William Bowmer

Reeds vir duisende jare kyk mense na die naghemel en verwonder hulle aan die sterre. In die Skrif lees ons van koning Dawid wat hom oor die hemele verwonder en sê: “Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande” (Psalm 19:2). Die sterre inspireer ons om ontsag te hê – dit wil voorkom dat hoe meer ons ontdek oor die hemele wat God geskep het, hoe meer sien ons hoe min ons in werklikheid weet.

Ons wil nog méér weet. Die James Webb-ruimteteleskoop (JWST), wat in Desember 2021 gelanseer is, is die kragtigste ruimte-teleskoop wat nog ooit ontplooi is. So merkwaardig as wat die tegnologie daarvan mag wees, selfs nog merkwaardiger is die betowerende nuwe beelde wat dit vir ons gee, wat nuwe data voorsien en lankgekoesterde aannames oor ons heelal verdiep en selfs omvergooi.

Vir die grootste deel van die opgetekende menslike geskiedenis het die mensdom die sterre met die blote oog deursoek. Eers so onlangs as die vroeë 1600's is die eerste teleskope gemaak, danksy die ontwikkeling van glaslense en 'n toenemende begrip van optika, wat Galileo in staat gestel het om vier van Jupiter se mane te ontdek en die teorie te weerlê dat alle hemelse voorwerpe om planeet Aarde wentel. Galileo moes egter deur die newel van die Aarde se atmosfeer waarneem. Byna 400 jaar sou nog verloop voordat die Hubble-ruimteteleskoop (HST), wat meer as 330 myl (528 km) bokant planeet Aarde wentel, hoë-resolusiebeelde in die sigbare ligspektrum – onbelemmerd deur die Aarde se atmosfeer – kon lewer. Ongelukkig het sterrekundiges kort nadat dit in 1990 gelanseer is, ontdek dat die HST se primêre spieël oneweredig geslyp was – 'n afwyking van slegs een-vyftigste van die dikte van 'n menslike haar was genoeg om die beelde wat dit versamel het, te vervaag en te verwring. NASA moes tussen 1993 en 2009 verskeie ruimtependeltuig-missies lanseer om die spieël te herstel en beskadigde en foutiewe HST-komponente te vervang. Die HST se werkverrigting was uitstekend maar sterrekundiges wou nog iets beters hê.

**'n Baanbreker teleskoop**

Anders as die HST, wentel die JWST nie om die Aarde nie, maar eerder 'n plek wat die L2 Lagrange-punt, genoem word, ongeveer 930,000 myl (1,488,000 km) ver weg van die aarde af – vanwaar dit om daardie punt sirkel en om die Son kan wentel terwyl dit in lyn met die Aarde bly. Met 'n deursnee van 21 voet (6,4 m)-spieël het die JWST 'n ligversamel-area van ongeveer 270 vierkante voet (25 vierkante meter), ongeveer ses keer die grootte van die HST. Dit kan voorwerpe opspoor wat 100 keer dowwer is as wat die HST kan opspoor. Terwyl die HST voorwerpe kan waarneem wat ongeveer 400 miljoen jaar terugdateer ná die begin van die heelal, kan die JWST voorwerpe waarneem ongeveer 220 miljoen jaar vroeër. Hoewel die JWST baie groter is, is sy gewig ongeveer die helfte van dié van die HST.

Die JWST se ontwerp sluit 'n sonskerm in wat die vaartuig skei in 'n warm kant wat na die Son wys met stelsels wat die krag, posisionering, kommunikasie en dataverwerking daarvan beheer. Dit het ook 'n koue kant wat die teleskoop, kameras en die elektronika bevat wat die vaartuig ondersteun. Danksy die sonskerm versamel die teleskoop data teen 'n temperatuur onder -370°F (-223°C), terwyl die sonpanele aan die Sonkant temperature bo 180°F (82°C) bereik. Die antenna wys altyd na die Aarde om die data wat verwerk is aan boord van die teleskoop te stuur. Dit mag rekenaarprogrammeerders dalk amuseer om te hoor dat hierdie multi-miljard-dollar-vaartuig JavaScript-sagteware gebruik. Die JWST-rekenaar het 68 gigagrepe vastetoestandskyf (SSD) geheue vir korttermyn berging van die beelde en data

wat deur die teleskoop versamel word voordat dit daardie data na die Aarde stuur. Ten spyte van die afstand, kan data die Aarde binne slegs 5 sekondes bereik, maar as gevolg van hulle grootte kan die JWST se hoë-resolusie-beelde van 'n paar minute tot 'n paar uur neem om af te laai, aangesien die teleskoop die data teen nie meer as 28 megagrepe per sekonde oordra – stadiger as baie moderne selfoon-verbindings. Daar is geen vooruitsig vir 'n opgradering nie – as gevolg van die afstand van die aarde, is die JWST nie diensbaar deur ruimtevaarders nie en moet in plaas daarvan staatmaak op afstanddiens deur aardse wetenskaplikes om kalibrerings en aanpassings uit te voer.

**Ontdekkings en geheimenisse**

Die JWST se eerste beeld – bekend as *Webb's First Deep Field* – wat op 11 Julie 2022 geneem is, was revolusionêr en het meer besonderhede verskaf as wat sterrekundiges ooit tevore gesien het en die eerste van vele vrae laat ontstaan wat lankbestaande aannames oor die heelal uitdaag. Selfs daardie eerste beeld, wat in minder as 13 uur versamel is, het 'n dieper en meer gedetailleerde beeld van die heelal verskaf as wat vorige teleskope in weke se data-insameling kon verkry. Sterrekundiges het sterrestelsels gesien wat meer as 13 miljard jaar oud is – wat onmiddellik sommige sleutelbesonderhede van die "Oerknal"-teorie van die heelal se vorming in twyfel trek. Volgens vorige begrippe sou sterrestelsels nie so gou na die Oerknal kon vorm nie.

Sterrekundiges debatteer steeds oor wat die beelde beteken. Een verafgeleë ster, HD140283 (informeel bekend as die "Methuselah-ster") se ouderdom word nou geskat op 14,46 miljard jaar oud – wat dit volgens huidige begrippe ouer maak as die sigbare heelal. Dit skep natuurlik 'n probleem vir huidige teorieë. Om al die nuwe data bymekaar uit te bring, stel sommige sterrekundiges nou voor dat die heelal byna twee keer so oud is as wat voorheen beraam is – 26,7 miljard jaar, in plaas van die 13,7 miljard jaar wat meer algemeen aanvaar word.

Ons behoort te onthou dat hierdie datums van *miljarde* jare gekoppel is aan die oorspronklike gebeurtenis van die skepping wat in Génesis 1:1 beskryf word, nie aan die res van die hoofstuk se beskrywing van God se *herskepping* van die heelal in die nadraai van die Sataniese rebellie wat die kosmos in *tohu* en *bohu* – verwarring en leegheid – gedompel het nie. Die Skrif sê vir ons dat die herskepping – nie God se oorspronklike skeppingsdaad nie – *duisende* jare oud is, nie miljarde nie, soos die uitvoerende redakteur Wallace Smith in sy artikel "Ons Bybelse ou aarde" in die Maart-April 2025-uitgawe van hierdie tydskrif verduidelik het.

Afgesien van die ouderdom van die heelal, daag ander JWST-metings langdurige teorieë uit wat steun op hipotetiese en onsigbare "donker materie" en "donker energie" om te verduidelik wat ons in die hemelruim sien. Ongeag of wetenskaplikes uiteindelik hierdie vrae sal oplos deur hulle begrip van die "rooiverskuiwing"-verskynsel te verander wat die ouderdom van voorwerpe wat van die waarnemer af weg beweeg, opspoor of deur die idee van "donker materie" te laat vaar of deur 'n heeltemal nuwe en nog-onontdekte teorie aan te neem – sal nog gesien moet word. Sleutelbesonderhede van wat sterrekundiges gedink het hulle weet, kan nie deur die JWST se verstommende nuwe bevindings ondersteun word nie.

Vir dekades was sterrekundiges net so vol vertroue in hulle teorieë oor die vorming van die heelal soos wat wetenskaplikes voorheen was oor alle hemelse voorwerpe wat om die aarde wentel, voordat Galileo se teleskoop voorwerpe waargeneem het wat om 'n ander planeet wentel. Met die enorme nuwe data wat deur die JWST verskaf word, ontdek wetenskaplikes weer hoeveel hulle nié weet nie.

Sulke tegniese besonderhede is egter ver buite die bestek van hoe die meeste waarnemers die JWST se sending waardeer. Ons kyk met ontsag en dankbaarheid na die verstommende skoonheid van die beelde wat deur die JWST vasgelê is – ongeag of dit van die ringe rondom Saturnus, Jupiter en Neptunus is of die antieke sterre, newels en sterrestelsels waarvan ons so min weet en ons verwonder ons oor wat God gedoen het.

*Vervolg op bladsy 13*

# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende "evangelies" en kan oor tallose leerstellings nie ooreenstem nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**


***Vervolg vanaf bladsy 19 – Die Kerk agter die Wêreld van Môre***

staptog in die skouspelagtige *Eagle Cap Wilderness* in Oregon. Ons beplan om vanjaar 'n kano-ekspedisie in *Voyageurs National Park*, Minnesota, te hou. Ons beplan onder andere vir jonger tieners in Missouri, Texas en Wes-Virginië; 'n twee weke lange tienerkamp in Texas en 'n tienerkamp in België.

Ander programme waarmee ons "die kudde voed", is naweek-uitstappies vir jong volwassenes, sprekersklubs vir ons manne en 'n nege maande lange *Living Education opvoedingkundige* program op die kampus vir jong volwasse lidmate wat belangstel in opleiding op universiteitsvlak in Bybelse onderwerpe. 'n Paar jong volwassenes van *Living Education* word elke jaar genooi om gedurende die somer in Thailand te werk, Engels aan Thaise kinders te onderrig, ons lidmate daar te leer ken en deur dele van die land te toer.

**Kies God se lewenswyse**

Of ons nou Sabbatdienste, somerkampe, naweek-uitstappies, *Living Education* programme of aanbiedings vir ons intekenaars of internasionale projekte aanbied, ons fokus is altyd op die terugbring van die lewenswyse wat deur Jesus Christus en Sy eerste-eeuse volgelinge onderrig is.

Ons vind dat baie mense navraag doen oor ons dienste, maar ons vind ook dat baie van hulle nie volhou daarmee nie uit vrees vir die onbekende. Laat ek u dus uitdruklik verseker: *Niks* wat hierdie wêreld aanbied, kan vergelyk word met die vreugdes van hierdie lewenswyse nie. Ons lidmate is vriendelik en ons is werklik een groot familie. Ons is nie geïsoleerde lidmate wat slegs diegene in ons eie plaaslike gemeentes ken nie. Ons kombineer dikwels gemeentes op Feesdae, hou familie-georiënteerde naweekbyeenkomste en besoek ander *Lewende Kerk van God*-gemeentes wanneer ons op sakereise of met vakansie gaan. Elke jaar reis baie lidmate na ander lande om die agt dae van die Huttefees en Laaste Groot Dag te onderhou.

Indien u meer wil leer oor die onderhouding van die Sewendedag-Sabbat, God se jaarlikse Feeste, doop of die bywoning van dienste met die *Lewende Kerk van God*-gemeente, laat weet ons gerus deur ons te skakel of te skryf deur die kontakinligting op bladsy 2 van hierdie tydskrif te gebruik. U kan ons aanlyn ook besoek by *wvm.co.za*. Ons sien uit daarna om van u te hoor! WvM

# Lê daar 'n goue eeu vir Amerika voor?

**Deur Adam West**

Op 20 Januarie 2025 het president Donald Trump, die vyf-en-veertigste en tans die sewe-en-veertigste president van die Verenigde State, sy tweede termyn begin na 'n onderbreking van vier jaar. President Trump het tydens sy verkiesingsveldtog tot sy inhuldiging beloof om die Verenigde State in 'n "goue era" in te lei – 'n tyd van groots-heid en voorspoed soos geen ander nie. Na ongeveer 100 dae van sy tweede termyn blý sy ondersteuners en teenstanders passievol. Sommige mense vind die vooruitsig skrikwekkend dat die nasie se stelsel van kontroles en balanse tussen die drie takke van die regering wat lank reeds bestaan sal kan verswak. Daar is ook diegene wat verheug is om vinnige vordering in die rigting van hulle lank verwagte doelwitte vir die nasie te sien. Wie is reg? Is die nasie op die rand van 'n rampspoedige afgrond of is dit besig om "weer magtig" te word?

Baie mense wonder tereg of *enige* regering onder toesig van feilbare mense met beperkte tyd, bekwaamheid en toekomsvisie ooit so 'n tyd kan bewerkstellig soos presi-dent Trump beloof het. Kan *enige* leier die groterwordende sneeubal wat al dekades lank teen die nasie se ekonomiese en kulturele berghelling afstuur, tot stilstand bring of selfs vertraag? Menslike swakheid en soos wat die geskiedenis aandui, maak die antwoord duidelik: *Nee*. Die Bybel openbaar tragedie en onrus wat voorspel is om nie net oor Amerika te kom nie, maar oor al die hedendaagse afstammelinge van antieke Israel in die laaste dae. Wat sal gebeur met hierdie nasies wat spesifiek in die Bybel voorspel is deur die Ewige God in Jeremia 30:7: "... dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob"?

Die Skrif voorsien 'n reeks van kragtige waarskuwings sowel as die beskrywing van ernstige gevolge vir die oortreding van God se Wette. God het duidelik deur Moses gewaarsku dat Hy die trots van die Israeliete se mag sou breek (Levítikus 26:19). Bykomend tot president Trump se veldtog was die oproepe om Groenland te koop en om die Panamakanaal te herower. Dreigemente van kompetisie van China, magsvertoon van Rusland en eindelose negatiewe druk oor die impak van president Trump se optrede, blyk net sy vasberadenheid te versterk.

'n Profesie beskryf die seëninge wat aan die afstammelinge van Abraham, Isak en Jakob verleen is: "En hulle het Rebekka geseën en aan haar gesê: Ons suster, mag jy duisende van tienduisende word, en mag jou nageslag die poort van sy vyande in besit neem" (Génesis 24:60)! Rebekka sou die moeder wees van ontelbare afstammelinge wie die poorte van hulle vyande sou "besit". Hierdie poorte, met inbegrip van seepoorte soos die Panamakanaal, is noodsaaklik vir strategiese beheer en ekonomiese voordeel – en hulle, tesame met ontsaglike hulpbronne en die militêre en finansiële invloed om dit in stand te hou en te ontwikkel, is werklik die "trots" van Amerika se mag, indien enigiets ooit was.

Hierdie seëninge het nogtans mettertyd verdwyn en is weggeneem as gevolg van nasionale rebellie teen die Ewige God. Dit stem direk ooreen met nasionale sondes – oortreding van God se groot geestelike Wet – die Tien Gebooie – wat die invloed en mag van die V.S., die Verenigde Koninkryk en ander hedendaagse afstammelinge van antieke Israel beïnvloed. Hulle gesamentlike morele agteruitgang het gelei tot die verlies van strategiese seepoorte en selfs die verkoop van hulle natuurlike hulpbronne – net soos God beloof het toe Hy gesê het Hy sou "die trotse mag" van hulle mag verbreek.

**Die ware Verlosser**

Is daar enige moontlikheid vir 'n "goue era" wat gereed is om te materialiseer? Nee – of in elk geval nie op die manier wat deur die Amerikaanse bevolking en die immer oplettende

nasies van die wêreld nagestreef word nie. Terwyl 'n "goue era" wat bekend staan as die Millennium binnekort sal aanbreek, is dit nodig dat ander profetiese tendense nog ontwikkel wat alle nasies in 'n finale groot krisis sal dompel voordat die ware Verlosser terugkeer.

Terwyl ons die verlies van seëninge en die vervulling van God se getroue waarskuwings asook die gevolge van sonde sien, laat ons al nader aan ons God beweeg en nou al voorberei vir die duisendjarige heerskappy van Jesus Christus – wanneer God se regering blywende vrede en voorspoed aan alle nasies sal bring.

Indien u meer wil leer oor die Bybelse identiteit van Amerika en Groot-Brittanje en die profesieë met betrekking tot hulle lotgevalle in die nabye toekoms, lees *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje*, asook Suid-Afrika? Om meer te wete te kom oor Jesus Christus se komende "goue era", lees *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* Albei is gratis beskikbaar by die streekkantoor die naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Albei kan ook aanlyn gelees word by wvm.co.za. WvM

---

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Die Kerk agter die Wêreld van Môre*

Matthéüs die term "koninkryk van die hemele" gebruik, terwyl die ander skrywers "koninkryk van God" gebruik. Moenie verward wees nie. Die hemel is waar God woon, dus is die Koninkryk van God die hemel se Koninkryk. Dit wil sê dit is God se Koninkryk. Dit is nie 'n Koninkryk *in* God of *in* die hemel nie. "Van" dui op eienaarskap, nie die ligging nie.

Die *Lewende Kerk van God* verwaarloos nie Bybelprofesieë nie. Jesus het aan Sy dissipels verduidelik dat tensy Hy terugkeer om die mensdom se waansinnigheid te beëindig, menslike uitwissing sal plaasvind: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matthéüs 24:21-22).

God verklaar dat Hy ons verantwoordelik sal hou indien ons versuim om ons medemens te waarsku. Lees dit self: "Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk" (Spreuke 24:11-12).

**Toegewy aan die voeding van die kudde**

Die *Lewende Kerk van God* verwerp die heidense "Christendom" en volg die voorbeeld wat ons Verlosser gestel het toe Hy op die aarde gewandel het. Die missie van die *Lewende Kerk van God* is om die ware Evangelie van Jesus Christus te verkondig en die wêreld te waarsku oor wat sekerlik sal gebeur tensy ons van koers verander. 'n Ander deel van ons missie is om die klein kuddetjie te voed wat deur God geroep word. Ons het honderde gemeentes regoor die wêreld om dit te doen, met bywoningsgetalle wat wissel van minder as 10 tot meer as 300. Baie gemeentes is matig in grootte, tussen 50 en 125 lidmate.

Benewens die byeenkoms elke Sabbat – dit wil sê, Saterdag – kom ons byeen op die jaarlikse Feeste soos dit uiteengesit is in beide die Ou en die Nuwe Testamente. Ons onderhou die Pasga soos Jesus dit saam met Sy dissipels gedoen het in die nag waarin Hy verraai is. "En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly" (Lukas 22:15). Tydens ons Sabbatdienste en Feesbyeenkomste bring lidmate hulle Bybels en baie van hulle maak notas. Ons dienste behels gewoonlik die sing van liedere, 'n kort boodskap, gevolg deur aankondigings en daarna die hoofboodskap.

Om ons jeug te dien, hou die *Lewende Kerk van God* somerkampe in Noord- en Suid-Amerika, Australasië, Afrika, Europa en die Filippyne. Verlede jaar (2024) het 'n groep van ons tieners, ons jong volwassenes en hulle groepleiers, die geleentheid gehad om 'n avontuur van 'n leeftyd te geniet tydens 'n weeklange

*Vervolg op bladsy 17*

# Die wisselvalligheid van hoofstroom Christendom

## Deur J. Davy Crockett III

Belangrike denominasies van die "Christendom" is vasgevang in die greep van twisgierigheid – sommige selfs tot op die punt van ontbinding. Hulle word geteister met protes en regsgedinge deur voorstanders van onwelvoeglike, onbybelse lewenstyle en gedrag. Sulke godsdienstige organisasies is bewus van die Bybel se duidelike leerstellings teen sulke sondes, maar hulle wil nie die voorstanders wat erkenning en aanvaarding vereis as lede vervreem nie.

Ongelukkig sien ons dat toegeeflikheid, verdeeldheid, ontbinding en groot skeurings al sedert die vroeë eeue, ná die stigting van Jesus Christus se Kerk, plaasgevind het. Daardie Kerk is egter op 'n rots gebou (Matthéüs 16:18). Christus het op die gevare gewys wat sal plaasvind indien 'n persoon 'n huis op sand sou bou. Hy wys daarop dat dit nie die storms wat noodwendig sou kom sou weerstaan nie (Matthéüs 7:26-27).

'n Studie van die praktyke van die vroeë Kerk van God – wat twaalf keer op daardie naam in die Nuwe Testament genoem word – toon dat daar binne 200 jaar ná Jesus Christus se leeftyd reeds heidense praktyke aangeneem is deur baie mense wat bely het dat hulle Christus volg, maar nie by Sy leerstellings gehou het nie. Neem in ag dat die heidense geloof van die "onsterflikheid van die siel" nie enigsins in die Bybel gerugsteun word nie. Slegs God is onsterflik (1 Timótheüs 6:15-16; vergelyk Jesaja 57:15). Die ewige lewe in Christus is die beloning van die wat gered is (Romeine 6:23) en diegene wat verlossing verwerp, sal in die poel van vuur sterf (Openbaring 20:14-15).

Die "wegraping" is nog 'n gewilde lering. Baie mense beweer dat God skielik sommige mense sal wegneem, wat hulle bure verstom sal laat en wonder wat gebeur het. Jesus het tog gesê dit is eers *na* die Verdrukking en die hemelse tekens dat "die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid" (Matthéüs 24:30). Sy uitverkorenes sal *dan* uit die vier windstreke versamel word. Paulus gee meer besonderhede hieroor in 1 Thessalonicense 4:13-18.

Die Christene van vroeër het Christus se instruksies gevolg deur Sy Gebooie te onderhou (Johannes 14:15; 15:10). Byna van die begin af, het baie mense van Christus se ware leerstellings afgewyk – sien Wallace Smith se artikel elders in hierdie uitgawe. Deesdae onderrig die meeste kerke dat die Tien Gebooie afgeskaf of "aan die kruis vasgespyker" is. Die meeste denominasies ignoreer die vierde Gebod heeltemal: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig" (Exodus 20:8-11).

Christus het die Pasga onderhou en vir Sy dissipels gesê: "Doen dit ... tot my gedagtenis" (1 Korinthiërs 11:25). Die meeste Christene vier deesdae verkieslik die Paasfees, wat vernoem is na 'n heidense godheid en wemel van simbole van vrugbaarheid soos konyne en gekleurde eiers. Christus en die Apostels het die sewe jaarlikse Heilige Dae onderhou wat God se verlossingsplan vir die mensdom uitbeeld (Levítikus 23), terwyl die hoofstroom Christendom Valentynsdag, Halloween en Kersfees asook Paasfees vier – wat almal hulle oorsprong in afgodery en die heidendom het.

Ons behoort dus nie verbaas te wees wanneer ons sien dat "Christelike" denominasies gebruike aanvaar wat deur Bybelse voorskrifte verbied word nie. Hierdie verwikkelings is die onvermydelike gevolg van die bewering dat hulle Christus volg, maar voortbou op die wisselvalligheid van menslike redenasie.

*Vervolg op bladsy 9*

***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

Weereens, die primêre Bybelse definisie van sonde is die oortreding van die Tien Gebooie. Ons sondig of ons nou die letter *of* die gees van die Wet oortree deur ons dade, woorde, gedagtes of selfs verkeerde motiverings. *Almal van ons het al op een of ander stadium* een of meer van die Tien Gebooie oortree, ten minste in die gees van die Wet. Dit is waarom ons lees dat "almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Romeine 3:23). Dit is waarom ons die offer van Jesus Christus nodig het om ons sondes te bedek – selfs al word ons beveel om ons te bekeer en ons rug op sonde te keer, kan al die gehoorsaamheid in die wêreld, ons nie regverdig maak voor God vir ons vorige sondes nie. Slegs "en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde" (1 Johannes 1:7). WvM

***Vervolg vanaf bladsy 14 – Die Kerk agter die Wêreld van Môre***

lewe hang daar 'n sluier oor die kerk, waardeur ons tevergeefs probeer kyk en [let hierop] wanneer die sluier uiteindelik gelig word, ongeveer 120 n.C. deur die geskrifte van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in baie opsigte heeltemal verskil van die kerk in die dae van die apostels Petrus en Paulus (Hurlbut, *The Story of the Christian Church*, 1970. bl. 33).

Let daarop dat Hurlbut noem dat hierdie veranderings plaasgevind het ná die dood van die apostel Paulus. Die heidendom het ware aanbidding effektief versmoor! Is dit nie waarteen Paulus sélf gewaarsku het sou gebeur nie? Die Skrif teken hierdie waarskuwing aan vir die ouderlinge in Éfese: "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julleself sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie" (Handelinge 20:29-31).

Hurlbut maak melding van sommige van die veranderings wat ingesluip het in wat 'n kerk geword het wat toenemend verskil het van dié van Christus en Sy Apostels. "Die maniere en seremonies van die heidendom het geleidelik in die aanbidding ingesluip. Sommige van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met veranderings van die name en aanbidding. In omstreeks 405 n.C. het beelde van heiliges en martelaars in die kerke begin verskyn – eers as gedenktekens en daarna is dit aanbid en vereer. Die aanbidding van die maagd Maria is vervang met die aanbidding van Venus en Diana" (Hurlbut, bl. 79).

Baie geskiedskrywers stem saam dat deesdae se hoofstroom "Christendom" min ooreenkoms toon met die oorspronklike Kerk van God wat deur Jesus Christus gestig is. Die produktiewe en hoogs aangeskrewe geskiedskrywer Will Durant, het hierdie insiggewende opmerking gemaak vir enigiemand wat bereid is om ag te slaan op dit wat gesien en gehoor kan word:

> Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem. Die sterwende Griekse denke het gekom tot 'n veranderende tydperk in die teologie en liturgie van die Kerk; die Griekse taal, wat eeue lank die filosofie oorheers het, het die dryfveer van Christelike literatuur en ritueel geword; die Griekse geheimenisse het oorgegaan in die indrukwekkende geheimenis van die Mis. Ander heidense kulture het bygedra tot die gemengde gevolg ...

*Vervolg op bladsy 24*

*Vervolg vanaf bladsy 7 – 1, 700 jaar na Nicea*

en seminare wat regoor die wêreld gehou is ter viering van 2025 se herdenking van die Raad van Nicea, sal ongetwyfeld eis dat die raad en sy beroemde geloofsbelydenis 'n fundamentele element van Christelikheid verteenwoordig. Hulle sal verkeerd wees. Die raad wat in 325 n.C. onder die toesig van die Romeinse Keiser vergader het, was eenvoudig net nog 'n poging om die fondament wat Jesus Christus Self gelê het, af te takel en die afvalligheid te versterk wat selfs gedurende die lewens van die Apostels, twee eeue tevore, begin het.

Die Raad van Nicea was inderdaad fundamenteel in die vestiging van die "Christendom" wat ons vandag rondom ons sien. Dit het egter *geen rol* gespeel in die vestiging van die Christelikheid van Christus nie. Trouens, dit is waarskynlik dat nie eens een verteenwoordiger van die ware Kerk wat Christus persoonlik gestig het, teenwoordig was nie!

**Die "klein kuddetjie" bly nogtans voortbestaan**

Christus se ware Kerk *het egter oorleef*. Daardie Kerk was nie en is nie, die heidense vervalste "Christendom" wat deur die Keiser van Rome aangeneem is nie. Daar was reeds teen die ware Kerk gediskrimineer, hulle is belaster, geïnoreer, en gemarginaliseer en vervolg vir meer as twee eeue voor die Raad van Nicea. Die "klein kuddetjie" handhaaf *steeds vandag* die ware geloof van Jesus Christus.

Hoe weet ons dit? Die Seun van God het self belowe dat dit sou voortduur en volhard – dat die poorte van die dood dit nooit sou oorweldig nie (Matthéüs 16:18). Alhoewel net 'n "klein kuddetjie", sou Hy met hulle wees – ondersteun, dit onderhou en voed – totdat dit gereed sou wees vir Sy Wederkoms. Daardie Kerk is opdrag gegee om die Evangelie van die Koninkryk van God aan die hele wêreld te verkondig voor Christus se Wederkoms (Matthéüs 24:14).

Indien u belangstel om *verder* as Nicea te gaan – om nie die antieke, afgodsaanbiddende en afvallige kerk te ontdek wat die raad in 325 n.C. wou verstewig nie, maar liewer die een ware Kerk wat Jesus Christus lank *tevore* gestig het wil ontdek – lees asseblief die artikel "Die Kerk agter die *Wêreld van Môre*" elders in hierdie uitgawe. Indien u dit nog nie gelees het nie, lees asseblief ons gratis studiegidse *Waar is God se ware Kerk vandag*?, *God se Kerk deur die eeue*, *Satan se Vervalste Christendom* asook *Hervestig die oorspronklike Christenskap*. Al ons materiaal is gratis op aanvraag – net soos Jesus Christus beveel het dat dit behoort te wees (Matthéüs 10:8).

Wees intussen bewus van waarna God die Vader op soek is. Sy Seun vertel vir ons in Johannes 4:23: "... daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom sou aanbid." Moenie toelaat dat prestige, mag en rykdom u beïndruk nie. Moenie toelaat dat raaiselagtighede en seremonie die helderheid van God se woord vertroebel nie. Moenie tevrede wees met "Kerkvaders" se verduidelikings bo die eenvoudige leerstellings van die Bybel nie. Die Kerk wat deur Jesus Christus gestig is, kan gevind word nog vóór die Raad van Nicea en dit kan vandag gevind word. WvM


# Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Vrae & Antwoorde

## Wat presies is sonde in elk geval?

**Vraag:** Ek het al herhaaldelik gehoor dat Jesus Christus gekruisig is as gevolg van sonde. Wat presies is sonde dan?

**Antwoord:** Dit mag dalk nie 'n woord wees waaroor die meeste mense dink nie, maar God het inderdaad Sy eniggebore Seun, Jesus Christus, gegee om 'n ondraaglik pynlike dood te ly sodat almal in die wêreld vergewe en van sonde gereinig kan word. Dit is dus baie belangrik om te weet wat sonde is.

Laat ons kyk wat die Bybel sê, aangesien selfs die menslike verstand baie belaglike idees oor wat sonde is, uitgedink het, gee die Bybel nogtans 'n duidelike en eenvoudige definisie. Sodra ons daardie definisie ken, kan ons daarop voortbou met wat Jesus Christus onderrig het. Die duidelikste Bybelse definisie word in 1 Johannes 3:4 gevind, wat sê: “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.” Die Afrikaanse Nuwe Vertaling bied 'n bietjie meer duidelikheid: Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.”

Met ander woorde, sonde is die oortreding – die verbreking – van die Wet. Van watter Wet? Dit verwys duidelik nie na enige siviele wette buite die Bybel nie. Dit verwys ook nie na die honderde bykomende wette wat deur Joodse owerhede oor die jare voorgeskryf is, wat Jesus self veroordeel het nie. Van watter Wet word daar dus gepraat?

Die Bybel voorsien die antwoord. Jakobus, een van Jesus se halfbroers, maak dit duidelik: “Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: *Jy* mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword” (Jakobus 2:11). Dit is duidelik dat “die Wet” waarna hier verwys word, die Tien Gebooie beteken. Die apostel Paulus sê elders in die Skrif: “... ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie” (Romeine 7:7). Weereens verwys dit direk na die Tien Gebooie.

Die Bybel se primêre definisie van sonde is *die verbreking van die Tien Gebooie*. Natuurlik wys die Bybel daarop dat sonde ook partydigheid insluit (Jakobus 2:9), om nie goed te doen nie (Jakobus 4:17), 'n trotse hart (Spreuke 21:4), teen geloof op te tree (Romeine 14:23) en verskeie ander oortredings. Hierdie Nuwe-Testamentiese toepassings vloei voort uit die Tien Gebooie, wat die kern van God se Wet vorm en alle sonde kan uiteindelik meebring dat een of meer van die Tien Gebooie oortree word.

**Sonde begin in die verstand**

Jesus het verduidelik dat om op hierdie idee voort te bou, sonde nie *net* die fisiese oortreding van een van die Tien Gebooie is nie – daar is selfs 'n dieper, geestelike komponent aan verbonde. Hy sê: “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Matthéüs 5:27-28).

Dit is dus nie net die fisiese daad van egbreuk wat sonde behels nie – sonde vind plaas wanneer wellustige gedagtes in die verstand vorm aanneem. Dit geld ook vir moord; Christus het onderrig dat selfs 'n gesindheid van haat die gees skend – die hele bedoeling – van die Wet skend en die sondaar “moet verantwoording doen voor die gereg” (Matthéüs 5:21-22). Jesus het onderrig dat sonde in die verstand begin. Ons lees dat “as die begeerlikheid ontvang het, baar die sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort” (Jakobus 1:15).

*Vervolg op bladsy 21*

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Die Kerk agter die Wêreld van Môre*

> Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld ... [en] het die laaste en grootste van die misterieuse godsdienste geword (*The Story of Civilization*, vol. 3, 1944, bl. 595, 600).

Die geskiedenis teken twee rigtings aan vir diegene wat hulleself Christene genoem het. Die eerste weg het gelei tot die gewilde en diverse vorms van hoofstroom "Christendom" – Rooms-Katoliek, Oosters-Ortodoks en Protestants. Daar is inderdaad groot verskille tussen hierdie groepe. Die tweede weg het egter gelei tot iets kleins vergeleke hiermee: die klein, vervolgde Kerk wat nie sou uitsterf nie.

**Aanbidding in gees en waarheid**

Die Christelikheid van Christus en Sy Apostels is heeltemal verskillend van wat die meeste mense dink. Hoofstroom-Christendom is gevul met onbybelse Griekse filosofie en heidense leerstellings. Die Kerk wat Jesus gebou het is nié en was vervolg omdat dit onbybelse leerstellings verwerp het en gevolg het wat Christus werklik onderrig het, eerder as wat mense verkeerdelik dínk Hy onderrig het. Die hoofstroomkerke het egter op die massas gefokus en gewilde heidense maniere van aanbidding aangeneem.

Vanuit sonaanbidding het 'n verwerping plaasgevind van die sewendedag-Sabbat – wat deur God met die skepping ingestel is. Die sonaanbiddende Romeinse keiser Konstantyn, het in 321 n.C. 'n ánder rusdag beveel, soos dit aangetoon word in *Eerdmans' Handbook to the History of Christianity*: "Wanneer Konstantyn in 321 die eerste dag van die week 'n vakansiedag gemaak het, het hy dit die 'eerbiedwaardige dag van die son' (Sondag) genoem" (1987, bladsy 131). Enigiemand wat nie met hierdie wet en ander onbybelse leerstellings saamgestem het nie, is van hulle voorregte gestroop en vervolg. In Matthéüs 16:18 het Jesus egter verklaar: "Ek [sal] my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

Nee, die Kerk wat Christus gebou het, het nooit uitgesterf nie. Ons lees daarvan in die geskrifte van diegene wat dit gehaat en probeer het om dit uit te wis. Daardie Kerk – wat geweier het om toegewings te maak en om heidense leerstellings as plaasvervangers vir die leerstellings van Christus in te stel – was as ketters beskou. Dit is noodsaaklik dat ons moet verstaan wat Jesus en Sy Apostels onderrig het sodat ons die *ware* ketters kan identifiseer.

**'n Klein kuddetjie wat 'n groot werk doen**

Die moderne oorsprong van die *Wêreld van Môre* en die *Lewende Kerk van God* word gevind in *die Wêreldwye Kerk van God / Worldwide Church of God (WCG)*, onder die leierskap van wyle Herbert W. Armstrong. Sy vrou Loma, het in aanraking gekom met 'n lid van die Kerk van God (Sewende Dag) – wat terloops nie met die Sewendedag-Adventiste geassosieer is nie. Dit was gedurende die middel van 1920. Sy het oortuig geraak dat die Bybelse Sabbat Saterdag is en nié Sondag nie.

Dit het haar man nie aangestaan nie. Hy het dit aanvanklik as fanatisme beskou. Sy wou egter nie toegee nie, tensy hy haar *uit die Bybel* kon bewys dat sy verkeerd was. Mnr. Armstrong het dus 'n diepgaande ondersoek van die Skrif begin om haar verkeerd te bewys – hy het destyds gedink dat dit maklik sou wees. Soveel Sondag-onderhoudende kerke kon immers nie verkeerd wees nie, kon hulle? Die resultaat van sy studie was egter dat, soos ek hom persoonlik hoor sê het, *dit 'n nederige ding is om te erken dat jou vrou reg en jy verkeerd is – veral as dit oor die belangrikste argument gaan wat jy ooit gehad het"*.

In 1933 is mnr. Armstrong 'n tydgleuf op die klein 100-watt *KORE*-radiostasie in Eugene, Oregon, aangebied. Sy luisteraarsgetalle het toegeneem en hy het begin om 'n tydskrif – indien mens dit so kan noem – *The Plain Truth* te publiseer deur middel van mimeografie. Van daardie nederige begin het dit ontwikkel tot die hedendaagse, volkleur-tydskrif – *The Tomorrow's World* – met 'n maandelikse sirkulasie van 8.4 miljoen eksemplare wat feitlik elke land op aarde bereik, waaruit

hierdie artikels van die *Wêreld van Môre* vertaal word. Dit word gratis aangebied. Vandag gaan die *Lewende Kerk van God* voort om Christus se opdrag aan Sy dissipels in Matthéüs 10:8 te volg: "Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee."

In 1952 het mnr. Armstrong vyf mans in die amp van Evangelis georden en onder hulle was 'n jong man van Joplin, Missouri – Roderick C. Meredith. Dr. Meredith het byna 35 jaar as evangelis gedien toe mnr. Armstrong in Januarie 1986 oorlede is. Minder as vyf jaar na mnr. Armstrong se dood kon dr. Meredith sien dat *WCG* se nuwe leier die Kerk in 'n radikaal onbybelse rigting geneem het. Teen Desember 1992 het dit baie duidelik geword dat die *WCG* al die belangrike leerstellings wat Herbert W. Armstrong onder die leierskap van Jesus Christus herstel het, onomkeerbaar verander of verwerp het.

Op die ouderdom van 62 moes dr. Meredith dus 'n keuse maak: Hy kon gemaklik aftree óf die Werk laat herleef en die Bybelse leerstellings van die oorspronklike Christelikheid herstel. Hy het laasgenoemde gekies en die *Global Church of God* en later die *Living Church of God* begin. Dr. Meredith het onmiddellik Christus se opdrag gevolg: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15). Hy het begin om die Evangelie te verkondig deur weekliks in 'n radioprogram te preek, boekies te skryf en hy het ook begin om 'n tweemaandelikse tydskrif uit te gee. Die herleefde Kerk het in Desember 1992 begin met 'n informele vergadering by sy huis met slegs 19 lede, maar duisende lidmate van die Kerk van God het gou by hom aangesluit deur die afvalligheid te verwerp en die Werk te doen.

Die Kerk se lidmate het toegeneem en sluit lidmate regoor die wêreld in. Vir 'n groot persentasie van hierdie lidmate is die waarhede van die oorspronklike Christelikheid splinternuut, nadat hulle die ware Evangelie vir die eerste keer deur die *Wêreld van Môre* gehoor het.

Die Werk van Jesus Christus is *nie* afgehandel nie. Op ons "Omtrent ons"-bladsy by *Wêreld van Môre* lees ons die volgende: "Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word geborg deur die *Lewende Kerk van God*, met aktiewe gemeentes in Noord- en Suid-Amerika, die Karibiese Eilande, Europa, Asië, Australasië en Afrika". Ons het tans talle leraars wat gemeentes in meer as 55 lande regoor die wêreld dien. Op hierdie oomblik lees u ons belangrike tydskrif wat uit Engels in Frans, Spaans en Afrikaans vertaal word. Ons vertaal ook ons boekies vir verspreiding in Duits, Nederlands, Afrikaans, Chinees, Hindi, Portugees en Urdu, sowel as 'n paar ander tale.

Dr. Meredith het 'n Raad wat bestaan uit ervare leraars saamgestel om hom te adviseer. Voor sy dood in Mei 2017, na oorlegpleging met die Raad, het hy my, [Gerald Weston] aangestel as sy opvolger in die amp van Voorsittende Evangelis van die *Lewende Kerk van God*.

Indien dit dalk klink asof ons 'n megakerk is, is dit glad nie die geval nie. Die meeste van ons gemeentes is klein en daar word hegte bande gesmee. Ons is 'n klein kuddetjie, soos Jesus aangedui het: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee" (Lukas 12:32).

Hierdie Werk is egter veel groter as wat ons getalle weerspieël. Baie lesers wonder seker hoe dit moontlik is. Die antwoord is dat God lojale, toegewyde lidmate, medewerkers en skenkers motiveer wat dit moontlik maak. Ons bou ook nie kerkgeboue as 'n algemene praktyk nie. In plaas daarvan huur ons sale waar ons dienste hou en verkies eerder om ons hulpbronne te gebruik om die Evangelie op televisie, Internet en in gedrukte uitgawes te versprei.

**Die Christelike leerstellings en lewenswyse**

Liewe Vriende, besef u dat dit moontlik is om Jesus tevergeefs te aanbid? Hy sê dit vir ons: "Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Matthéüs 15:7-9). Hy het die mense berispe omdat hulle Hom Here genoem het – wat *Meester* beteken – maar hulle het geïgnoreer wat Hy gesê

het: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Die oorspronklike Christelikheid – dié van Christus en Sy Apostels – is waaroor die *Wêreld van Môre* en die *Lewende Kerk van God* gaan. Die *Lewende Kerk van God* glo dat Jesus van Násaret as God in die vlees gekom het en dat Hy Sy lewe gegee het in ruil vir ons lewe. Ons glo dat Hy ons Here, ons Meester en ons Verlosser is en dat ons verlos word deur geloof in Sy gestorte bloed en gered word deur Sy lewe. Ons verander egter *nie* God se genade in toestemming om ongehoorsaam aan Sy Wet te wees nie. Judas, een van die halfbroers van Jesus, waarsku ons teen daardie dwaling in sy kort brief:

> "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (Judas 3-4).

Dit is waarom die *Lewende Kerk van God* die Sewendedag-Sabbat van sonsondergang op Vrydag tot sonsondergang op Saterdag onderhou – net soos Jesus, Sy oorspronklike Apostels, die apostel Paulus en eerste-eeuse Christene gedoen het. Ons onderhou ook die sewe Bybels-ingestelde jaarlikse Heilige Dae, in plaas van heidense vierings wat die naam van Christus godslasterlik daaraan gekoppel het.

Liewe Leser, dink asseblief hieroor na: Waarom word die dae wat Jesus en Sy Apostels gehou het deur die hoofstroom-Christendom verwerp? Waarom word die heiligste dag van die hoofstroom-Christendom na 'n vrugbaarheidsgodin vernoem en gevier met vrugbaarheidsimbole soos eiers en konyne? Maak dit regtig sin?

**Die Kerk se roeping**

Ons doel is deur Jesus Christus aan ons opgedra en dit word uiteengesit op ons "Omtrent ons"-bladsy by die *Wêreld van Môre*: "*Die Wêreld van Môre* verkondig die goeie nuus van Jesus Christus se komende Koninkryk aan die wêreld (Matthéüs 24:14; Markus 16:15) en verkondig met vrymoedigheid 'n waarskuwingsboodskap van God se naderende oordeel, wat 'n oproep doen vir bekering en geestelike verandering (Matthéüs 24:21; Jesaja 58:1; Eségiël 33)".

U mag dalk wonder wat ongewoon is aan ons verkondiging van die goeie nuus van Jesus Christus se komende Koninkryk. U dink dalk: *Doen alle kerke dit dan nie?* Ongelukkig doen hulle dit *nie*.

Die woord "Evangelie" beteken "goeie nuus", maar besef u dat Paulus die broeders in Korinthe daarteen gewaarsku het om leraars te verdra wie 'n *ander* Evangelie verkondig en ja, selfs 'n valse Jesus? "Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Korinthiërs 11:4).

'n Paar verse later verwys Paulus na hierdie valse leraars as dienaars van Satan: "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy [dit wil sê, Satan se] dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (verse 13-15).

Die *Lewende Kerk van God* onderrig presies dieselfde boodskap as wat Jesus verkondig het tydens Sy drie-en-'n-half jaar lange bediening – 'n komende Koninkryk of regering, sal oor hierdie planeet vol probleme heers. Terwyl u deur Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes lees, let op hoeveel keer Jesus na die Koninkryk van God verwys. U sal oplet dat

***Vervolg op bladsy 19***

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Meester te volg. Hulle aanvaar liewer onbybelse tradisies wat van geslag tot geslag oorgelewer is. Dit is niks nuuts nie. Wanneer die Fariseërs vir Jesus en Sy dissipels gekonfronteer het omdat hulle nie hulle hande volgens menslik bedinkte tradisies gewas het nie, kan 'n mens die frustrasie in Sy reaksie aanvoel:

> "En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor hulle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:6-9).

Min mense is bereid om hulle opvoeding te ondersoek en eerlik te bevraagteken of hulle wérklik Bybelse praktyke volg en of hulle in werklikheid heidense gebruike onderhou. Die menslike verstand is meer daarin geïnteresseerd om ander mense tevrede te stel en hulle selftrots te verdedig as om na die Waarheid te soek.

**Die voetspore van Jesus**

Die Raad van Nicea, hoe belangrik dit ook al was, het nie die twee verskillende denkrigtings voortgebring nie. Die skeuring het baie vroeër gekom. Jesus het gewaarsku dat baie mense Sy Naam sou gebruik, selfs sou erken dat Hy die geprofeteerde Messías is, maar hulle volgelinge in 'n ander rigting sou lei as die een waarop Hy geloop het (Matthéüs 24:4-5). Die apostel Paulus het die ouderlinge in Éfese gewaarsku dat daar wrede bedrieërs van binne sowel as van buite sou wees. "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julleself sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te lok agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie" (Handelinge 20:29-31).

Wallace Smith se artikel oor die Raad van Nicea en my artikel oor die Kerk agter die *Wêreld van Môre* verduidelik albei hoe vandag se Christendom in feitlik al sy vorms 'n radikale afwyking is van dié van die eerste eeu. Paulus het opgesom hoe maklik die broeders in Korinthe op drie hoofpunte mislei is: "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Korinthiërs 11:3-4).

Judas, die halwe broer van Jesus, weerlê die ketterse idee dat Bybelse Waarheid en praktyk mettertyd tot 'n hoër orde sou ontwikkel. "GELIEFDES, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 1:3).

Die afwyking van die oorspronklike Christenskap het voortgeduur ná die dood van


## Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.

die Apostels met die geskrifte van diegene wat vandag as die vroeë "kerkvaders" beskou word. Een van hulle wat 'n groot invloed op die latere Niceaanse besprekings gehad het, was Origenes. Hy het Bybelse leerstellings vanuit 'n agtergrond probeer verduidelik wat deurdrenk was met heidense filosofie. "Griekse Christelike teologie het steeds gemoeid gebly met die probleem wat Origenes aangepak het – die verhouding tussen filosofie en die Christelike tradisie" (*Eerdman's Handbook to the History of Christianity*, 1977, bl. 104). Origenes was 'n "Christelike Platonis" wie se idees oor geeste en die materiële wêreld gevorm was deur die idees van Plato en ander menslike filosowe.

Die jaar 2025 was 'n mylpaal-herdenking vir een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die *hoofstroom*-Christendom. Ek hoop u sal Wallace Smith se uiteensetting oor die Raad van Nicea lees en ek hoop u sal ook my artikel oor die Kerk agter die *Wêreld van Môre*, insiggewend vind.



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**